Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 JULIE 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, amptenare, besoeker (Alderman J J Hoop van die Weskus Distriksmunisipaliteit) en die media.

Die Speaker, gedagtig aan rdl L E Mfutwana en baie ander families wat deur die dood geraak is, deel met die Raad 'n paar gedagtes oor die sin van die lewe en die belangrikheid om volgens die wil van God te leef.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, open die vergadering met gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker versoek 'n oomblik van stilte in medelye met rdl L E Mfutwana wat binne 'n kort periode sy vader en broer aan die dood afgestaan het.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl L E Mfutwana.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1/...

3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: HULDEBLYK AAN MADIBA MET 100-JARIGE VERJAARDAGVIERING

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om 'n huldeblyk te bring aan die voormalige President van Suid-Afrika, Nelson Rolihlahla Mandela (beter bekend as Madiba) ter viering sy 100ste verjaardag en die afgelope Internasionale Mandeladag.

Die Uitvoerende Burgemeester hou 'n paar aanhalings van Madiba se lewenslesse aan die Raad voor.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 23 MEI 2018

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 23 Mei 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 23 MEI 2018, saamgelees met
NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 MEI 2018

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 JAARVERSLAG: IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIëLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2018 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018 is met die sakelys gesirkuleer.

Rdl D B Philander verneem, met verwysing na die aankoop van 'n hommeltuig (drone), of Swartland Munisipaliteit oor die nodige lisensie beskik om die hommeltuig te opereer.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat 'n lisensie slegs ter sprake is wanneer die hommeltuig vir kommersiële doeleindes gebruik word. Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat daar in proses is om 'n verordening op te stel ten einde riglyne neer te lê waarbinne die hommeltuig gebruik kan word.

Rdl D B Philander bevestig dat sy navraag daaruit voortspruit dat die Munisipaliteit aan die nodige vereistes moet voldoen om die inligting wat ingesamel word te kan gebruik as bewyslas.

Besluit/...

7.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

(a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag van die Voorsieningkanaal-bestuursbeleid se implementering ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2018 tot 30 Junie 2018 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D).

7.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2018 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Rdl D B Philander, namens die ANC, vereis weereens 'n verduideliking aangaande die vestiging van bewaringsgebiede in wit dominante gebiede en inligting oor die filmbedryf, aangesien die indruk geskep word dat Swartland Munisipaliteit nog steeds die beginsels van apartheid nastreef.

Die Speaker reël – nadat verskeie raadslede beswaar aanteken teen die aanmerking van rdl Philander – dat geen verdere bespreking toegelaat sal word nie en versoek die Munisipale Bestuurder om terugvoering te gee.

Die Munisipale Bestuurder noem dat met die vestiging van die laaste Phola Park-uitbreiding en die Chatsworth Sportgronde is daar skaars flora ontdek. Daar is ooreengekom om biodiversiteitsafsetgebiede te identifiseer en dat gemelde areas as bewaringsgebiede bestuur sal word om op te maak vir die verlies aan flora.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat voormelde aksie voortspruit uit wetgewende vereistes ingevolge die *National Environmental Management Protected Areas Act, 2003 (NEMPA)* en dat die bewaringsgebiede in samewerking met CapeNature bestuur sal word. Vir hierdie doeleindes sal bestuursplanne vir elke bewaringsgebied opgestel word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2018 tot 30 Junie 2018.

7.3 ONDERSOEKE NA ONREëLMATIGE UITGAWES ASOOK VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

Daar moet op 'n kwartaallikse basis aan die Raad verslag gedoen word insake enige ondersoeke na ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste uitgawes.

Daar is 'n geval van finansiële wangedrag ondersoek – sien sakelys vir volledige inligting aangaande die ondersoek – maar dui die bevinding van die Dissiplinêre Raad nie op enige onreëlmatige uitgawe, asook vrugtelose en verkwiste uitgawe nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die vordering van die aangeleenthede aangaande die onreëlmatige uitgawes sowel as vrugtelose en verkwistende uitgawes aangeteken word:

(i) Alle vorige aangeleenthede is afgehandel; en
(ii) Die beweerde onreëlmatige uitgawes w.r.t. 'n voertuigongeluk wat nie betyds gerapporteer is nie, het nie vrugtelose en verkwistende uitgawes tot gevolg gehad nie. Ondersoek is voltooi en die munisipaliteit het geen verlies gely nie.
(iii) Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste het die aangeleentheid aangespreek om te verseker dat amptenare in die toekoms aan die Gedragskode vir Munisipale Personeellede en die Vlootbestuursbeleid voldoen om te voorkom dat die bogenoemde herhaal word;

(b) Dat, op versoek van die voorsitter van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC), rdl C B Fortuin, die uitslag van die ondersoek aan die MPAC voorgelê word en dat die betrokke beleid en Gedragskode vir Personeel aan amptenare gesirkuleer word.

7.4 MUNISIPALE AFBAKENING 2017-2021 (17/17/1/1)

Die Munisipale Afbakeningsraad het in 2017 te kenne gegee dat daar nie wesenlike herafbakening van munisipale grense beoog word nie, maar bloot tegniese herbelynings.

Die voorstelle van die Munisipale Afbakeningsraad is op 26 April 2018 deur die Raad oorweeg. Alhoewel die Raad vier uit die ses voorstelle van die Munisipale Afbakeningsraad aanvaar het, het lg. akkoord gegaan met die voorstelle van die Raad vir doeleindes van die publieke deelnameproses.

BESLUIT
(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl D B Philander)

Dat die Raad kennis neem dat die Munisipale Afbakeningsraad die munisipale grense van Munisipaliteit Swartland (WC015) vasgestel het ooreenkomstig die Raadsbesluit van 26 April 2018, wat egter nog onderhewig is aan potensiële kommentaar en/of vertoë deur gegriefde partye.

7.5 VOORGESTELDE GRONDRUILTRANSAKSIE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / NEWPORT PROPERTY GROUP HANDELENDE NAMENS SCHOONSPRUIT DEVELOPMENT (PTY) LTD EN DE HOOP MALMESBURY (PTY) LTD (12/2/1-8/10)

Die Munisipale Bestuurder meld dat daar al sedert 2013 gepoog word om grond te bekom vir ‘n nuwe behuisingsprojek aangrensend tot die bestaande laekoste behuisingsgebiede.

Die Munisipale Bestuurder (met behulp van ‘n elektroniese illustrasie) gee agtergrond tot die grondruiltransaksies wat ten doel het om grond beskikbaar te stel vir die
(1) herallokering van die Departement: Openbare Werke en Vervoer se padkamp in Piketbergweg;
(2) vestiging van ‘n nuwe hospitaal en skool (grond sal aan die Departement: Openbare Werke en Vervoer beskikbaar gestel word);
(3) uitbreiding van die Highlands Stortingsterrein;
(4) uitbreiding van die Newclaire-woongebied;
(5) volgende behuisingsprojek in Malmesbury (fase 1 = 750 behuisingsgeleenthede, fase 2 = 750 behuisingsgeleenthede).

Die Munisipale Bestuurder verduidelik verder die voorwaardes verbonde aan die grondruiltransaksies vir die betrokke partye en die voordele wat dit vir Swartland Munisipaliteit inhou.

Hierdie onderhandelinge, ook met verwysing na die varkplaas buite Malmesbury, is ‘n tipiese voorbeeld waar die Munisipaliteit instrumenteel is in die bydrae tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling in die bevordering van ‘n omgewing wat privaatinstansies in staat stel om werksgeleenthede te skep.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D B Philander, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

(a)/…

7.5/…

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die Verordening insake Oordrag van Kapitale Bates (PK 7394 gedateer 22 Mei 2015) dat die volgende grondruiltransaksie met die Newport Property Group aangegaan word (met verwysing na **Aanhangsel C** tot hierdie verslag):

Grond behorende aan die Newport Property Group handelende namens Schoonspruit Development (Pty) Ltd en De Hoop Malmesbury (Pty) Ltd:

- Gedeelte A, synde 'n gedeelte van gedeelte 1 van die Plaas De Hoop no. 697, Afdeling Malmesbury, ± 100.60 ha groot
- Gedeelte B, synde 'n gedeelte van gedeelte 2 van die Plaas Malmesbury Outspan no. 695, Afdeling Malmesbury, ± 6 ha groot
- Gedeelte C, synde erf 12378 'n gedeelte van erf 12370, Malmesbury, 0.53 ha groot
- Gedeelte D, synde 'n gedeelte van erf 353, Abbotsdale, ±20.4 ha groot

in ruil vir grond behorende aan Swartland Munisipaliteit:

- Gedeelte E, synde 'n gedeelte van gedeelte 1 van die Plaas Oranje Fontein no. 1113, Afdeling Malmesbury, ± 90.4 ha groot
- Gedeelte F, synde erf 11217, Malmesbury, ± 5 ha groot
- Gedeelte G, synde erwe 1449 en 1450, Abbotsdale, gesamentlik ± 7.7 ha groot

(b) Dat die grondruiltransaksie verder daaraan onderhewig sal wees –

(i) dat die ontwikkelaar die padgedeelte sal bou wat die bestaande Schoonspruit-ontwikkeling met Abbotsdale verbind (aangetoon by wyse van 'n soliede rooi lyn op die kaart tussen Gedeelte F en Gedeelte G, uitgesluit die bou van rivier- en spooroorgange;

(ii) dat die Munisipaliteit die grond tussen Schoonspruit en Abbotsdale (gedeelte van die Restant Plaas Oranje Fontein no. 1133) onteien vir die daarstel van die bogemelde verbindingspad;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat daar in hierdie geval van die mededingsproses soos vervat in die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates afgewyk word, en die transaksie deur direkte onderhandeling gefinaliseer word, gegewe die Raad oortuig is dat die transaksie buitengewoon voordelig is vir die Munisipaliteit, vir die volgende redes:

- grond bekom sal word om in die dringende behoefte aan geskikte grond te voldoen ten einde uitvoering te gee aan die Behuisingspyplyn, synde in opernbare belang om die gemeenskapsbehoefte aan gesubsidieerde behuising te voorsien;
- dit insgelyks in openbare en in plaaslike ekonomiese belang is om nywerheids-ontwikkeling (en gepaardgaande werksgeleenthede vir die gemeenskap) aan die N7 te help ontsluit;
- grond bekom sal word om beskikbaar gestel te word aan die Departement Publieke Werke n.a.v. hul verklaarde belangstelling in 'n nuwe hospitaal- en skoolperseel, waardeur gemeenskapsbehoeftes aangespreek sal word;
- die verkryging van grond wat grens aan die Newclaire-ontwikkeling die Munisipaliteit in staat sal stel om in die toekoms verdere residensiële geleenthede vir hoër inkomstegroepe te ontsluit;
- die behoefte om in die toekoms die Highlands-stortingsterrein uit te brei, aangespreek sal word en as sulks die beginsel van langtermyn strategiese beplanning ondersteun;
- gedienste grond bekom sal word om moontlik in die toekoms vir industriële doeleindes te vervreem, tot die Munisipaliteit se finansiële voordeel;

(d) Dat die Raad verder goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die gedeeltes grond soos hierbo uiteengesit oorgedra mag word aan Newport Property Group handelende namens Schoonspruit Development (Pty) Ltd and De Hoop Malmesbury (Pty) Ltd ingevolge die grondruil;

(e) Dat kennis geneem word dat gemelde grond nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

7.5/...

(f) Dat die voorgenome ruiltransaksie geadverteer word vir publieke kommentaar en/of beswaar, en belanghebbendes genooi word om teenvoorstelle te maak;

(g) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om
(i) te mag handel, in oorlegpleging met die uitvoerende burgemeesterskomitee, met enige besware en/of teenvoorstelle wat ontvang word;
(ii) die onteiening van grond vir die bou van ‘n verbindingspad oor die Restant van Plaas 1133 te finaliseer; en
(iii) die besonderhede van die beoogde ruilooreenkoms te mag finaliseer;

(h) Dat die ruilooreenkoms en transport deur die raadsprokureur behartig sal word, en dat die koste verbonde aan die transaksie op ‘n 50/50 basis deur die partye gedra sal word.

GETEKEN:
SPEAKER